*(b)* instituting a disciplinary inquiry to probe such conflict or circumstance; or

*(c)* terminating the membership of such a person.".

**Amendment of section 4 of Act 57 of 1997**

**7.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections:

"(7) The board must meet regularly to perform its functions in terms of the Act.

(8) The Minister may, on the advice of the chairperson or the board, terminate the membership of a member who fails to attend two meetings consecutively without prior notification and approval of the chairperson or the board.".

**Substitution of section 5 of Act 57 of 1997**

**8.** The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

"**[Executive committee of board] Committees**

**5.** (1) The board may **[from time to time appoint an executive committee to perform the functions and exercise the powers delegated to it by the board]** appoint committees to assist it in efficiently and effectively performing its functions and exercising its powers.

(2) **[An executive committee]** Committees shall consist of such members of the board as the board may designate.

(3) The board shall designate the chairperson of **[an executive committee]** every committee.

(4) *(a)* **[An executive]** Every committee shall perform its functions in accordance with the provisions of this Act and such directives of the board as are not in conflict with such provisions.

*(b)* Any delegated function so performed shall be deemed to have been performed by the board.".

**Repeal of section 7 of Act 57 of 1997**

**9.** Section 7 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 10 of Act 57 of 1997**

**10.** Section 10 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(1) The board shall[,] in applying the principles of openness and transparency and in addition to its other functions in terms of this Act—;"

*(b)* by the substitution for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* manage and administer the fund and hold it in trust;";

*(c)* by the deletion of the word "and" at the end of paragraph *(j)*, the deletion of the full stop at the end of paragraph *(k)* and by the substitution of a semicolon;

ontvang het of ingevolge artikel 13 aansoek wil doen of wat aansoek gedoen het, om 'n lisensie om die Nasionale Lotery te bedryf nie.

(3) Die Minister kan, na oorleg met die raad, dissiplinêre verrigtinge instel teen enige raadslid wat versuim of weier om aan hierdie artikel te voldoen of dit nie nakom nie.

(4) Ondanks enige bepaling van hierdie Wet kan die Minister, na oorleg met die raad, oorweeg of die oortreding die onpartydigheid van die persoon moontlik kan beïnvloed en die persoon verwittig van sy of haar besluit, wat mag insluit maar nie beperk is nie tot—

*(a)* skorsing van die persoon hangende verdere ondersoeke;
*(b)* instelling van 'n dissiplinêre ondersoek om die botsing of omstandigheid te peil; of
*(c)* beëindiging van die persoon se lidmaatskap.".

**Wysiging van artikel 4 van Wet 57 van 1997**

**7.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels te wysig:

"(7) Die raad moet gereeld vergader om sy werksaamhede ingevolge die Wet te verrig.

(8) Die Minister kan op advies van die voorsitter of die raad, die lidmaatskap beëindig van 'n lid wat versuim om twee agtereenvolgende vergaderings sonder vooraf kennisgewing en goedkeuring van die voorsitter of die raad by te woon.".

**Vervanging van artikel 5 van Wet 57 van 1997**

**8.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**[Uitvoerende komitee van raad] Komitees**

**5.** (1) Die raad **[stel van tyd tot tyd 'n uitvoerende komitee aan om die werksaamhede te verrig en die bevoegdhede uit te oefen wat deur die raad aan sodanige komitee gedelegeer word]** stel komitees aan om hom by te staan in die doeltreffende en doelmatige verrigting van sy werksaamhede en uitoefening van sy bevoegdhede.

(2) **['n Uitvoerende komitee]** Komitees bestaan uit die lede van die raad wat die raad aanwys.

(3) Die raad wys die voorsitter van **['n uitvoerende komitee]** elke komitee aan.

(4) *(a)* **['n Uitvoerende]** Elke komitee verrig sy werksaamhede in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Wet en die opdragte van die raad wat nie strydig met sodanige bepalings is nie.

*(b)* Enige gedelegeerde werksaamheid aldus verrig, word geag deur die raad verrig te gewees het.".

**Herroeping van artikel 7 van Wet 57 van 1997**

**9.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 10 van Wet 57 van 1997**

**10.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"(1) Die raad moet**[, met]** by die toepassing van die beginsels van openheid en deursigtigheid en buiten sy ander werksaamhede ingevolge hierdie Wet—;"

*(b)* deur paragraaf *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* die fonds bestuur en administreer en in trust hou;";

*(c)* deur die woord "en" aan die einde van paragraaf *(j)* te skrap, die punt aan die einde van paragraaf *(k)* te skrap en deur 'n kommapunt in te voeg;

(*d*) by the addition of the following paragraphs:

"(*l*) ensure that the Commission performs its functions efficiently and effectively in compliance with this Act and any other applicable law;

(*m*) approve, determine, oversee or revise the Commission's operational strategic framework or policies, corporate governance framework policies, human resources policies and approve the appointment of senior executive employees of the Commission;

(*n*) approve, determine, oversee, or revise the broad policy framework within which the Commission must perform its functions;

(*o*) ensure that the Commission exercises its powers in accordance with the principles of transparency and accountability;

(*p*) serve as review authority against decisions of the distributing agency regarding applications for grants;

(*q*) in consultation with the Minister, determine category of applications for grants that are excluded from funding; and

(*r*) take all reasonable steps to recover any amount in relation to a grant which has been withdrawn, prohibited or reduced in terms of section 33."; and

(*e*) by the addition of the following subsections:

"(2) The board shall have the power to institute legal proceedings in order to properly discharge its functions and responsibilities in terms of this Act.

(3) The board may approach any court for any order the board deems appropriate for effective regulation and enforcement of the Act.

(4) The board may request the Commission to conduct research on appropriately deserving worthy causes that may be funded or recipients that may be funded without lodging an application.

(5) The board may recommend to the Minister to prohibit, withdraw or reduce any grant made by the distributing agency if the board receives information that such grant is utilised or is likely to be utilised in an unauthorised manner that does not comply with the purpose or conditions stipulated in the grant or is utilised or is likely to be utilised for an unlawful purpose.".

**Insertion of section 10A in Act 57 of 1997**

**11.** The following section is hereby inserted after section 10 of the principal Act:

"**Delegation by board**

**10A.** The board may assign management or other functions or delegate, with or without conditions, any of its powers or functions to the Commissioner or Commission, but any such delegation does not divest the board of any responsibility for the proper exercise of any power or performance of any function.".

**Amendment of section 13 of Act 57 of 1997**

**12.** Section 13 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The licence contemplated in subsection (1) may allow the licensee to appoint another person to conduct certain lotteries of the National Lottery on behalf of the licensee only with the written approval of the Minister: Provided that the board has made a recommendation to the Minister to allow such appointment if the person to be appointed has satisfied the provisions of section 13(2)(*b*) and any other requirements or conditions as directed by the Minister.".

*(d)* deur die volgende paragrawe by te voeg:

"*(l)* verseker dat die Kommissie sy werksaamhede doeltreffend en doelmatig in ooreenstemming met hierdie Wet en enige ander toepaslike wet, verrig;

*(m)* die Kommissie se operasionele strategiese raamwerk of beleid, beleid oor korporatiewe beheerraamwerk, mensehulpbronbeleid bepaal, daaroor toesig hou en dit hersien, asook die aanstelling van senior uitvoerende werknemers van die Kommissie goedkeur,;

*(n)* die breë beleidsraamwerk waarbinne die Kommissie sy werksaamhede moet verrig, goedkeur, bepaal, daaroor toesig hou of dit hersien;

*(o)* verseker dat die Kommissie sy bevoegdhede ooreenkomstig die beginsels van deursigtigheid en aanspreeklikheid uitvoer;

*(p)* dien as 'n hersieningsowerheid teen besluite van die distribusieagent aangaande aansoeke om toekennings;

*(q)* in oorleg met die Minister, kategorieë aansoeke om toekennings wat van befondsing uitgesluit is, bepaal; en

*(r)* alle redelike stappe doen om enige bedrag in verband met 'n toekenning wat ingevolge artikel 33 teruggetrek, verbied of verminder is, te verhaal."; en

*(e)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(2) Die raad het die bevoegdheid om geregtelike stappe in te stel ten einde sy werksaamhede en verantwoordelikhede ingevolge hierdie Wet behoorlik te vervul.

(3) Die raad kan enige hof nader vir enige bevel wat die raad gepas ag vir doeltreffende regulering en afdwinging van die Wet.

(4) Die raad mag versoek dat die Kommissie navorsing doen oor verdienstelike goeie sake wat befonds kan word sonder dat 'n aansoek ingedien is.

(5) Die raad kan aanbeveel dat die Minister enige toekenning wat deur die distribusieagent gemaak is, verbied, intrek of verminder indien die raad inligting ontvang dat die toekenning op 'n ongemagtigde wyse gebruik word of waarskynlik gebruik sal word wat nie aan die doel of voorwaardes wat in die toekenning vermeld is voldoen nie of gebruik word of waarskynlik gebruik sal word vir 'n onregmatige doel.".

**Invoeging van artikel 10A in Wet 57 van 1997**

**11.** Die volgende artikel word hierby na artikel 10 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Delegering deur raad**

**10A.** Die raad kan bestuurs- of ander werksaamhede opdra of, met of sonder voorwaardes, enige van sy bevoegdhede en werksaamhede aan die Kommissaris of die Kommissie delegeer, maar enige sodanige delegering ontneem die raad nie van enige verantwoordelikheid vir die behoorlike uitoefening van enige bevoegdheid of verrigting van enige werksaamheid nie.".

**Wysiging van artikel 13 van Wet 57 van 1997**

**12.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Die lisensie beoog in subartikel (1) kan die lisensiehouer toelaat om 'n ander persoon aan te stel om sekere loterye van die Nasionale Lotery namens die lisensiehouer slegs met die skriftelike goedkeuring van die Minister te bedryf: Met dien verstande dat die raad 'n aanbeveling aan die Minister gedoen het om die aanstelling toe te laat indien die persoon wat aangestel gaan word aan die bepalings van artikel 13(2)*(b)* en enige ander vereistes soos deur die Minister gelas, voldoen.".

**Insertion of sections 13A and 13B in Act 57 of 1997**

**13.** The following sections are hereby inserted after section 13 of the principal Act:

"**Appointment of organ of state to conduct National Lottery**

**13A.** (1) In the event that the Minister decides on justifiable grounds not to issue a licence as contemplated in section 13, the Minister may, after consultation with the board, licence or authorise an organ of state to conduct the National Lottery for a period not exceeding eight years, on such terms and conditions as the Minister deems appropriate, including such conditions as stipulated in section 14(1) and (2).

(2) In deciding whether justifiable grounds contemplated in subsection (1) exist, the Minister shall consider any relevant factor including but not limited to—

*(a)* national government policies or priorities;
*(b)* the need to grow local industries and to procure goods from local manufacturers;
*(c)* the need to transfer skills and technology to the citizens of the Republic; and
*(d)* the need to comply with the legislative framework for the promotion of broad-based black economic empowerment and transformation.

(3) In appointing an organ of state to conduct the National Lottery, the requirements contemplated in section 13(2)*(a)* do not apply.

(4) The licence issued to an organ of state may allow such organ of state to appoint any other person to conduct certain lotteries of the National Lottery on behalf of such organ of state, subject to the written approval of the Minister: Provided that the board has made a recommendation to the Minister to allow such appointment if the person to be appointed has satisfied the provisions of section 13(2)*(b)* and any other requirements or conditions as directed by the Minister.

(5) The Minister shall publish in the *Gazette* the appointment of an organ of state to conduct the National Lottery in terms of this section.

**Temporary licence**

**13B.** The Minister may at any time owing to the fact that—

*(a)* the licensee is for any reason whatsoever unable to conduct the National Lottery in terms of the conditions of the licence or is unable to meet the conditions of the licence to the satisfaction of the Minister;
*(b)* the licence to conduct the National Lottery is suspended for any reason whatsoever;
*(c)* the licence to conduct the National Lottery is revoked in terms of this Act; or
*(d)* the licence to conduct the National Lottery has expired,

after consultation with the board, appoint or authorise any person or organ of state as the case may be, for a non-renewable period not exceeding 24 months to conduct the National Lottery on such terms and conditions the Minister deems appropriate.".

**Amendment of section 14 of Act 57 of 1997, as substituted by section 1 of Act 10 of 2000**

**14.** Section 14 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A licence granted in terms of section 13 or 13A shall be in writing, shall specify the conditions attached to it and shall be granted for a **[minimum period of five years or a maximum]** period **[of]** not exceeding eight years: Provided that the Minister may, after consultation

**Invoeging van artikels 13A en 13B in Wet 57 van 1997**

**13.** Die volgende artikels word hierby na artikel 13 van die Hoofwet ingevoeg:

"**Aanstelling van staatsorgaan om Nasionale Lotery te bedryf**

**13A.** (1) Indien die Minister op regverdigbare gronde besluit om nie 'n lisensie soos beoog in artikel 13 uit te reik nie, kan die Minister, na oorleg met die raad, 'n staatsorgaan lisensieer of magtig om die Nasionale Lotery vir 'n tydperk van hoogstens agt jaar te bedryf, op sodanige bedinge en voorwaardes wat die Minister gepas ag, met inbegrip van die voorwaardes soos in artikel 14(1) en (2) bepaal.

(2) Wanneer die Minister besluit of regverdigbare gronde beoog in subartikel (1) bestaan, moet die Minister enige tersaaklike faktor oorweeg, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot—

*(a)* nasionale regeringsbeleid of -prioriteite;
*(b)* die nodigheid om plaaslike nywerhede te laat groei en goedere van plaaslike vervaardigers te verkry;
*(c)* die nodigheid om vaardighede en tegnologie na die burgers van die Republiek oor te dra; en
*(d)* die nodigheid om aan die wetgewende raamwerk vir die bevordering van breë-basis swart ekonomiese bemagtiging en transformasie, te voldoen.

(3) Die vereistes in artikel 13(2)*(a)* beoog is nie van toepassing by die aanstelling van 'n staatsorgaan om die Nasionale Lotery te bedryf nie.

(4) Die lisensie aan 'n staatsorgaan uitgereik kan sodanige staatsorgaan toelaat om enige ander persoon aan te stel om sekere loterye van die Nasionale Lotery namens die staatsorgaan te bedryf, onderhewig aan die skriftelike goedkeuring van die Minister: Met dien verstande dat die raad 'n aanbeveling aan die Minister gedoen het om die aanstelling toe te laat indien die persoon wat aangestel gaan word aan die bepalings van artikel 13(2)*(b)* en enige ander vereistes of voorwaardes soos deur die Minister gelas, voldoen het.

(5) Die Minister moet die aanstelling ingevolge hierdie artikel van 'n staatsorgaan om die Nasionale Lotery te bedryf, in die *Staatskoerant* publiseer.

**Tydelike lisensie**

**13B.** Die Minister kan te eniger tyd, weens die feit dat—

*(a)* die lisensiehouer om enige rede ook al nie die Nasionale Lotery ingevolge die voorwaardes van die lisensie kan bedryf nie of nie na oortuiging van die Minister kan voldoen aan die voorwaardes van die lisensie nie;
*(b)* die lisensie om die Nasionale Lotery te bedryf om enige rede opgeskort is;
*(c)* die lisensie om die Nasionale Lotery te bedryf ingevolge hierdie Wet herroep is; of
*(d)* die lisensie om die Nasionale Lotery te bedryf, verstryk het,

na oorleg met die raad, enige persoon of staatsorgaan aanstel of magtig, na gelang van die geval, vir 'n niehernubare tydperk van hoogstens 24 maande, om die Nasionale Lotery te bedryf op sodanige bedinge en voorwaardes wat die Minister gepas ag.".

**Wysiging van artikel 14 van Wet 57 van 1997, soos vervang deur artikel 1 van Wet 10 van 2000**

**14.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Lisensie toegestaan ingevolge artikel 13 of 13A moet op skrif wees, moet die voorwaardes daaraan verbonde spesifiseer en moet toegestaan word vir 'n **[minimum tydperk van vyf jaar of 'n maksimum]** tydperk van hoogstens agt jaar: Met dien verstande dat die

with the board[**, in a case where the licence has been granted for less than eight years,**] and at least one year before the expiry of that licence, extend that licence for [**such further period as would, together with the initial period for which that licence was granted, not exceed eight years**] a non-renewable period not exceeding 24 months: Provided further that the licensee shall have no rights or legitimate expectations in respect of an extension of the period of validity of the licence other than the rights afforded by this subsection."; and

*(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* to obtain the consent of the Minister after consultation with the board before doing anything specified in the licence;

*(b)* to refer specified matters to the board and the board must refer such matters to the Minister [**or to the board, as the case may be,**] for approval;

*(c)* to ensure that such requirements as the Minister [**or**] after consultation with the board may from time to time determine or approve in terms of the licence are complied with, including the imposition of penalties as contemplated in section 62 in the event of the licensee not complying with any provision of this Act or the licence.".

**Amendment of section 15 of Act 57 of 1997**

**15.** Section 15 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Minister [**or the board**] may after consultation with the board vary any condition in the licence granted under section 13 or 13A—;"

*(b)* by the substitution in subsection (1)*(b)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(ii) the licensee has been given a reasonable opportunity to make representations to the Minister [**or the board, as the case may be,**] in respect of the intended variation.";

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the Minister [**or**] after consultation with the board, and after consideration of the licensee's representations, decides to vary a condition in the licence in accordance with that licence but without the consent of the licensee, the Minister [**or the board, as the case may be,**] shall cause a notice to be served on the licensee in which the licensee is informed of the variation and the date on which that variation shall take effect, which date shall not be less than 21 days after the date of service of such notice, unless the licensee agrees to a shorter period in writing."; and

*(d)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The provisions of the licence to vary a condition in the licence under subsection (1) may allow the Minister [**or**] after consultation with the board to add a condition to the licence or to omit a condition from the licence.".

**Amendment of section 16 of Act 57 of 1997**

**16.** Section 16 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If the Minister [**or the board**] has reason to believe—

*(a)* that a [**person**] licensee is likely to contravene a condition in the licence granted under section 13 or 13A;

*(b)* that a [**person**] licensee has contravened such a condition and there is a reasonable likelihood that the contravention will continue or be repeated; or

Minister**[, in die geval waar die lisensie vir minder as agt jaar toegestaan is,]** en ten minste een jaar voordat daardie lisensie verval, na oorleg met die raad daardie lisensie vir **[die verdere tydperk kan verleng wat tesame met die oorspronklike tydperk ten opsigte waarvan daardie lisensie toegestaan is, nie agt jaar oorskry nie]** 'n niehernubare tydperk van hoogstens 24 maande verleng: Met dien verstande voorts dat die lisensiehouer geen regte of regmatige verwagtinge ten opsigte van 'n verlenging van die tydperk van die geldigheid van die lisensie anders as die regte verleen by hierdie subartikel het nie."; en

*(b)* deur paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* in subartikel (2) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* om die **[raad]** Minister se toestemming te verkry na oorleg met die raad voordat enigiets vermeld in die lisensie gedoen word;

*(b)* om bepaalde aangeleenthede na die raad te verwys vir goedkeuring en die raad moet die aangeleenthede na die Minister **[of na die raad, na gelang van die geval, te]** verwys vir goedkeuring;

*(c)* om te verseker dat die vereistes wat die Minister **[of]** na oorleg met die raad van tyd tot tyd bepaal of goedkeur ingevolge die lisensie, nagekom word, met inbegrip van die oplegging van boetes soos in artikel 62 beoog in die geval waar die lisensiehouer nie aan enige bepaling van hierdie Wet of die lisensie voldoen nie.".

**Wysiging van artikel 15 van Wet 57 van 1997**

**15.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Minister **[of die raad]** kan na oorleg met die raad enige voorwaarde in die lisensie uitgereik kragtens artikel 13 of 13A, wysig—;";

*(b)* deur subparagraaf (ii) in subartikel (1)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) die lisensiehouer 'n redelike geleentheid gebied is om vertoë tot die Minister **[of die raad, na gelang van die geval,]** te rig oor die voorgenome wysiging.";

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Indien die Minister **[of]** na oorleg met die raad, en na oorweging van die lisensiehouer se vertoë, besluit om 'n voorwaarde in die lisensie te wysig in ooreenstemming met daardie lisensie maar sonder die toestemming van die lisensiehouer, moet die Minister **[of die raad, na gelang van die geval,]** toesien dat 'n kennisgewing op die lisensiehouer beteken word waarin die lisensiehouer van die wysiging en die datum waarop die wysiging in werking sal tree, in kennis gestel word, welke datum nie minder nie as 21 dae na die datum van betekening van sodanige kennisgewing moet wees, tensy die lisensiehouer skriftelik tot 'n korter tydperk toestem."; en

*(d)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die bepalings in die lisensie wat die wysiging van 'n voorwaarde van die lisensie kragtens subartikel (1) toelaat, kan die Minister **[of]** na oorleg met die raad magtig om 'n voorwaarde tot die lisensie te voeg of om 'n voorwaarde van die lisensie weg te laat.".

**Wysiging van artikel 16 van Wet 57 van 1997**

**16.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien die Minister **[of die raad]** van oordeel is—

*(a)* dat 'n **[persoon]** lisensiehouer 'n voorwaarde in die lisensie uitgereik kragtens artikel 13 of 13A waarskynlik nie sal nakom nie;

*(b)* dat 'n **[persoon]** lisensiehouer so 'n voorwaarde nie nagekom het nie en daar 'n redelike waarskynlikheid is dat die nienakoming sal voortduur of herhaal sal word; of

*(c)* that a **[person]** licensee has contravened such a condition and that the contravention can be remedied,

the Minister **[or the board, as the case may be,]** may, after consultation with the board—

(i) notify such licensee of such contravention;

(ii) instruct such licensee to remedy the contravention within a period stipulated in such a notice; or

(iii) apply to a High Court for an order prohibiting the contravention or, as the case may be, requiring the licensee and any other person who appears to the court to have been party to the contravention, to take such steps as the court may direct.".

**Amendment of section 17 of Act 57 of 1997**

**17.** Section 17 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The licence granted under section 13 or 13A may be revoked by the Minister **[or]**, after consultation with the board, on the following grounds:".

**Amendment of section 18 of Act 57 of 1997**

**18.** Section 18 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If the Minister **[or]**, after consultation with the board, is satisfied that grounds exist for the revocation of the licence granted in terms of section 13**[,]** or 13A, the Minister **[he, she or the board, as the case may be,]** shall in writing notify the licensee of the existence of such grounds and call upon the licensee to furnish reasons, within 14 days of service of that notice at the registered physical address of the licensee, as to why the licence should not be revoked, failing which the licence will cease to be valid upon the expiration of the said period of 14 days."; and

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the licence for the National Lottery ceases to be valid in terms of subsection (1), the Minister **[or]** after consultation with the board **[, as the case may be,]** shall forthwith inform the licensee and Parliament in writing of that fact and of the date upon which the licence ceased to be valid, and if Parliament is not then in session, **[it shall be so informed on the first of the next session]** the Minister shall forthwith inform the Speaker of the National Assembly and the Chairperson of the National Council of Provinces of that fact.".

**Amendment of section 19 of Act 57 of 1997**

**19.** Section 19 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister **[or]**, after consultation with the board, may order a suspension of the licence in the notice contemplated in section 18(1) as from the date of service of that notice for a period of not longer than 30 days after the licensee has furnished those reasons**[: Provided that the Minister or the board, whoever acts in terms of this section, shall inform the other of his or her or its actions]**.";

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the Minister **[or]**, after consultation with the board, decides to suspend the licence in terms of subsection (1), the Minister shall forthwith inform the board and Parliament of that fact and of the grounds for the suspension, and if Parliament is not then in session, **[on the first day of the next session of Parliament]** the Minister shall forthwith inform the Speaker of the National Assembly and the Chairperson of the National Council of Provinces of that fact."; and

*(c)* dat 'n **[persoon]** lisensiehouer so 'n voorwaarde nie nagekom het nie en dat die nienakoming reggestel kan word,

kan die **[raad of die]** Minister**[, na gelang van die geval]**, na oorleg met die raad—

(i) die lisensiehouer verwittig van die nienakoming;

(ii) die lisensiehouer opdrag gee om die nienakoming binne 'n tydperk in die kennisgewing aangedui, reg te stel; of

(iii) by 'n Hoër Hof aansoek doen om 'n bevel om die nienakoming te verbied of, na gelang van die geval, wat van die lisensiehouer en enige ander persoon wat vir die hof voorkom 'n party tot die nienakoming te wees, vereis om die stappe te doen wat die hof beveel.".

**Wysiging van artikel 17 van Wet 57 van 1997**

**17.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die lisensie kragtens artikel 13 of 13A toegestaan, kan op die volgende gronde deur die Minister **[of]**, na oorleg met die raad, ingetrek word:".

**Wysiging van artikel 18 van Wet 57 van 1997**

**18.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien die Minister **[of]** na oorleg met die raad oortuig is dat gronde bestaan vir die intrekking van die lisensie wat ingevolge artikel 13 of 13A toegestaan is, moet **[hy of sy of die raad, na gelang van die geval,]** die Minister die lisensiehouer skriftelik in kennis stel van die bestaan van sodanige gronde en van die lisensiehouer vereis om binne 14 dae na betekening van daardie kennisgewing by die geregistreerde fisiese adres van die lisensiehouer redes te verstrek waarom die lisensie nie ingetrek behoort te word nie, by gebrek aan voldoening waaraan die lisensie by verstryking van genoemde tydperk van 14 dae nie meer geldig sal wees nie."; en

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Indien die lisensie vir die Nasionale Lotery ingevolge subartikel (1) nie meer geldig is nie, moet die Minister **[of]** na oorleg met die raad**[, na gelang van die geval,]** onverwyld die lisensiehouer en die Parlement skriftelik verwittig van daardie feit en die datum waarop die lisensie opgehou het om geldig te wees, en indien die Parlement nie dan in sitting is nie, **[word hy op die eerste dag van die daaropvolgende sitting aldus in kennis gestel]** moet die Minister die Speaker van die Nasionale Vergadering en die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies onverwyld van daardie feit verwittig.".

**Wysiging van artikel 19 van Wet 57 van 1997**

**19.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Minister **[of]**, na oorleg met die raad, kan in die kennisgewing beoog in artikel 18(1) gelas dat die lisensie opgeskort word vanaf die datum van betekening van daardie kennisgewing vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae nadat die lisensiehouer redes aangevoer het waarom die lisensie nie ingetrek behoort te wees nie**[: Met dien verstande dat die Minister of die raad, wie ook al ingevolge hierdie artikel optree, die ander moet verwittig van sy of haar optrede]**.";

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Indien die Minister **[of]** na oorleg met die raad besluit om die lisensie ingevolge subartikel (1) op te skort, moet die Minister die raad en die Parlement onverwyld van daardie feit en van die gronde vir opskorting verwittig, en indien die Parlement nie dan in sitting is nie, **[op die eerste dag van die daaropvolgende sitting van die Parlement]** moet die Minister die Speaker van die Nasionale Vergadering en die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies onverwyld van daardie feit verwittig."; en

*(c)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The Minister shall forthwith inform Parliament if the licence has ceased to be valid in terms of subsection (3), and if Parliament is not then in session, **[on the first day of the next session of Parliament]** the Minister shall forthwith inform the Speaker of the National Assembly and the Chairperson of the National Council of Provinces of that fact.".

**Amendment of section 20 of Act 57 of 1997**

**20.** Section 20 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"If reasons are furnished by the licensee as contemplated in section 18(1), the Minister **[or]**, after consultation with the board **[, as the case may be]**, shall after considering such reasons—";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* call upon the licensee to appear before the board on a specified date to make oral representations in support of any written representations made by the licensee or to answer any questions which the Minister **[or the board, as the case may be,]** may have with regard to such written representations, whereafter the Minister **[or]**, after consultation with the board, shall consider the matter and decide whether or not to revoke the licence.";

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the Minister **[or]**, after consultation with the board, decides to revoke the licence, **[he or she or it]** the Minister shall by written notice served at the registered head office of the licensee notify the licensee of that fact, of the grounds for that revocation and of the date on which that revocation shall take effect."; and

*(d)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If the Minister **[or]**, after consultation with the board, decides to revoke the licence in terms of subsection (1), the Minister **[or the board, as the case may be,]** shall inform the Minister of Finance and Parliament of that fact and of the grounds for that revocation forthwith, and if Parliament is not then in session **[on the first day of the next session of Parliament]**, the Minister shall forthwith inform the Speaker of the National Assembly and the Chairperson of the National Council of Provinces of that fact.".

**Amendment of section 21 of Act 57 of 1997**

**21.** Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The board shall annually table **[a report]** financial reports in accordance with the provisions of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), in Parliament in respect of the **[fund]** distributed funds, which **[may]** financial report must form part of the report contemplated in section 12(1)*(b)*.".

**Amendment of section 22 of Act 57 of 1997**

**22.** Section 22 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for the section heading of the following heading:

"**[Fund to vest in and to be administered by board] Administration of the fund**";

*(b)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The fund shall **[vest in and]** be administered by the board."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(3) The fund shall be held in trust by the board for distribution of any sum paid into the fund as is allocated for expenditure referred

*(c)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die Minister moet die Parlement onverwyld verwittig indien die lisensie ingevolge subartikel (3) ongeldig geword het, en indien die Parlement nie dan in sitting is nie, **[op die eerste dag van die daaropvolgende sitting van die Parlement]** moet die Minister die Speaker van die Nasionale Vergadering en die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies onverwyld van daardie feit verwittig.".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 57 van 1997**

**20.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien redes deur die lisensiehouer verstrek is soos in artikel 18(1) beoog, moet die Minister **[of]**, na oorleg met die raad**[, na gelang van die geval]**, na oorweging van die redes—";

*(b)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die lisensiehouer oproep om voor die raad op 'n bepaalde datum te verskyn om mondelinge vertoë te rig ter aanvulling van enige skriftelike vertoë wat die lisensiehouer verstrek het of om die vrae wat die Minister **[of die raad, na gelang van die geval]**, met betrekking tot daardie skriftelike vertoë het, te beantwoord, waarna die Minister **[of]**, na oorleg met die raad, die geval moet oorweeg en besluit of die lisensie ingetrek moet word, al dan nie.";

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Indien die Minister **[of]**, na oorleg met die raad, besluit om die lisensie in te trek, moet **[hy of sy of die raad]** die Minister by skriftelike kennisgewing wat op die geregistreerde hoofkantoor van die lisensiehouer beteken is, die lisensiehouer verwittig van daardie feit, en van die gronde vir daardie intrekking en van die datum waarop daardie intrekking 'n aanvang neem."; en

*(d)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Indien die Minister **[of]**, na oorleg met die raad, besluit om die lisensie ingevolge subartikel (1) in te trek, moet die Minister **[of die raad, na gelang van die geval,]** die Minister van Finansies en die Parlement onverwyld van daardie feit en van die gronde vir daardie intrekking verwittig, en indien die Parlement nie dan in sitting is nie, **[op die eerste dag van die daaropvolgende sitting van die Parlement]** moet die Minister die Speaker van die Nasionale Vergadering en die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies onverwyld van daardie feit verwittig.".

**Wysiging van artikel 21 van Wet 57 van 1997**

**21.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die raad lê jaarliks **['n verslag]** finansiële verslae ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) in die Parlement ter tafel ten opsigte van die **[fonds]** verspreide fondse, **[wat]** welke finansiële verslag deel **[kan]** moet vorm van die verslag beoog in artikel 12(1)*(b)*.".

**Wysiging van artikel 22 van Wet 57 van 1997**

**22.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die opskrif van die artikel deur die volgende opskrif te vervang:

" **[Fonds berus by en word beheer deur raad]** **Administrasie van die fonds**";

*(b)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die fonds **[berus by en]** word beheer deur die raad."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Die fonds word in trust gehou deur die raad vir verspreiding deur die distribusieagent van enige bedrag in die fonds inbetaal soos toegeken

to in section 26(3)*(b)*, *(c)*, *(d)* and *(e)*, after the distributing agency has considered, evaluated and adjudicated an application for a grant or following a recommendation of funding of worthy good causes from the Commission after research conducted in terms of this Act.''.

**Amendment of section 26 of Act 57 of 1997**

**23.** Section 26 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (3) of paragraph *(a)*.

**Insertion of sections 26A, 26B, 26C, 26D, 26E, 26F, 26G and 26H in Act 57 of 1997**

**24.** The following sections are hereby inserted after section 26 of the principal Act:

''**Distributing agency**

**26A.** The distributing agency contemplated in section 22(3) shall be—
*(a)* appointed by the Minister in terms of this Act; and
*(b)* accountable to the board.

**Function, composition, appointments and conditions of service of distributing agency**

**26B.** (1) The distributing agency shall be responsible for—
*(a)* considering, evaluating and adjudicating applications for grants or recommendations of funding of worthy good causes received from the Commission; and
*(b)* preparing reports on grants already awarded and on the performance of its functions to the board on a quarterly basis or as and when requested by the board.

(2) The number of the distributing agency members in each category shall be determined by the Minister after consultation with the board in line with the size of the funds in such category: Provided that such number shall not exceed nine in each category.

(3) Members of the distributing agency shall be appointed for a period of five years, which may be renewed only once, to serve on a full-time basis as members of the distributing agency and staff members of the Commission responsible for adjudication of applications for grants or recommendations of funding of worthy good causes received from the Commission.

(4) The Minister may, after consultation with the board—
*(a)* appoint persons with suitable combination of qualifications, skills and expertise to consider, evaluate and adjudicate applications for grants or recommendations of funding of worthy good causes received from the Commission on such terms and conditions determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance; and
*(b)* designate one person from amongst the members of the distributing agency as a full-time chairperson, for a non-renewable period of five years on such terms and conditions determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

(5) A member designated as a full-time chairperson shall upon the expiry of such period become an ordinary member entitled only to ordinary full-time member's conditions of appointment and remuneration unless his or her appointment as a member of the distributing agency has expired.

**Disqualifications for distributing agency membership**

**26C.** (1) The Minister may not appoint a person as a member of the distribution agency if such a person—
*(a)* is a political office-bearer;

vir uitgawes soos in artikel 26(3)*(b)*, *(c)*, *(d)* en *(e)* bedoel, nadat die distribusieagent 'n aansoek om 'n toekenning oorweeg, geëvalueer en beoordeel het of na aanleiding van 'n aanbeveling deur die Kommissie van verdienstelike goeie sake vir befondsing na aanleiding van navorsing wat ingevolge hierdie Wet gedoen is.".

**Wysiging van artikel 26 van Wet 57 van 1997**

**23.** Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* in subartikel (3) te skrap.

**Invoeging van artikels 26A, 26B, 26C, 26D, 26E, 26F, 26G en 26H in Wet 57 van 1997**

**24.** Die volgende artikels word hierby na artikel 26 van die Hoofwet ingevoeg:

"**Distribusieagent**

**26A.** Die distribusieagent in artikel 22(3) beoog—
*(a)* word ingevolge hierdie Wet deur die Minister aangestel; en
*(b)* is tot die raad verantwoordbaar.

**Funksie, samestelling, aanstellings en diensvoorwaardes van distribusieagent**

**26B.** (1) Die distribusieagent is daarvoor verantwoordelik om—
*(a)* aansoeke om toekennings of aanbevelings van befondsing van verdienstelike sake van die Kommissie ontvang, te oorweeg, te evalueer en te beoordeel; en
*(b)* kwartaalliks of soos en wanneer die raad dit versoek, verslae vir die raad voor te berei oor toekennings wat reeds gemaak is en oor die verrigting van sy werksaamhede.

(2) Die getal distribusieagentlede in elke kategorie word deur die Minister, na oorleg met die raad, bepaal ooreenkomstig die grootte van die fondse in die kategorie: Met dien verstande dat sodanige getal nie nege in elke kategorie oorskry nie.

